# Esmé Deysel neé Van Schalkwyk




1985 voel soos gister …

Maar dan onthou ek: ek het intussen geswot, gewerk, getrou, geskei, weer getrou (met dieselfde man) kinders (2) gehad, getrek Engeland toe, kinders grootgemaak, gewerk, getravel, ouers se afsterwe gerou, ge"Covid-lockdown", ge-ouma-word en siedaar dis 2025!!!

Ek's dankbaar vir die geleenthede wat die UK ons bied en ons bly lekker hier. Nêrens is perfek nie maar die Here se genade is orals!





My kinders (seun 28 en dogter 24) is albei getroud met Britte, praat nog trots Afrikaans, eet biltong en skree vir die Bokke. Aangetroudes ken ‘n paar “noodsaaklike” Afrikaanse woorde … &@#¥*!!





My kleinseun is 8 maande oud en die vriendelikste klein bondeltjie vreugde. Ek’s nou ‘n tuisbly-ouma en geniet ‘n rustige lewe met familie en (3) brakkies.







Jammer ek kan nie daar wees vir die reunie nie - my man word 60 einde September so ons hou groot familie partytjie in Engeland.

Ek sal probeer “inloer” via die link - hê pret maters!

Groete

Esmé